Well, we'll come to that. I think that what I have read is taken largely from what Gardiner & Lansdowne says: "A person is not punishable for conduct which in the ordinary circumstances would have been criminal if at the time, through disease of the mind or mental defect, he was prevented from knowing the nature and quality of the conduct, or that it was wrong." That, I think, is what he said, from the passage I read? --- Yes, and of that, I stress the latter... /10

One moment. Then yesterday, you did say that, 'And then the question of irresistible impulse, to my mind, is answered positively' - pause. --- Yes.

Now, when you used 'irresistible impulse' there, was that an irresistible impulse in the ordinary lay term that we use? --- No, in the legal sense. /20

You see, the legal sense is described by a Judge of Appeal, in this passage: "On the contrary, he told them that the appellant's state of mind was a fact, and if they were judged as a fact, he could reject his criticisms and arrive at a decision independently. Irresistible impulse (he was dealing with the law here) is a self-explanatory term which every layman can grasp." And that means, I take it, to a layman it is an impulse that you can't resist? --- Yes, my Lord.

Now, where was the impulse in this case? --- In this case, in my opinion, he was in a state of manic- /30



ecstasy, his mind filled with this intention of a grandiose nature, of Messianic nature, that this bomb explosion would bring in a new order. And he was so absorbed in this grandiose delusion and so driven by the forces underlying the manic aspect of the - that underlies the manic condition, that he was incapable of resisting it.

What was the ultimate impulse? --- The ultimate impulse was the delusional idea of bringing in this new order, and the manic state that manifests on the emotional level by a state of exaltation, and at the volitional /10 level by the carrying out of the grandiose delusion.

How long did this impulse last? --- The irresistible impulse lasted to...

The impulse. --- The impulse lasted, in my mind, from the time that, driven by the manic-ecstasy about the time of leaving the Brixton Tower, until the time of the planting of the bomb.

Now all that time he was under an impulse? --- Yes.

And that might have been anything from 4.05 /20 to 4.20, perhaps? --- Yes.

All that time he was under an impulse? --- Yes.

And you say that was completely irresistible? --- Yes, my Lord.

Does that convey the ordinary idea of an impulse? --- Yes, to my mind it does. It culminates in the final act of planting the bomb, but in view of the fact that it is known that this impulse is the result of mental disease, this concept, I think, is compatible with what would be ordinarily understood. /30

This is no case where there is a build-up of

tension, and culminating in a final episode that made the impulse irresistible? --- No, the irresistible nature came from the delusion and the drive-on activity from the manic state.

Because you see, that is what the second portion of the paragraph is. I read you the first, and then there is: "Or (b) He was the subject of an irresistible impulse which prevented him from controlling such conduct. Every person is presumed to be sane, and to be able to control his actions." Now you will agree /10 with what I have read there, corresponds to what you are saying now in regard to irresistible impulse? --- Yes.

Did you tell my learned friend that? About irresistible impulse? --- What did I tell him?

That your opinion was that there was an irresistible impulse which prevented him from controlling his conduct. --- Yes, my Lord, I told him that.

You agree that it is not mentioned in his statement? --- I thought he did mention it. I know we discussed it. /20

You did discuss it? --- Yes.

Now if he had made up his mind to place the bomb in the station, and he had so told people, and immediately before he had arrived at Brixton he was arrested with the bomb, would he have been responsible for his conduct? --- As far as I can judge.

Why is that? --- Because I have no direct evidence, before that time, that his mind was disturbed to a degree that it would, in my opinion, render him irresponsible. /30

Now perhaps these examples are fanciful or too

hypothetical, but if the accused was in that state of mind now, could he be tried?

BY THE COURT: Which? Before or after Brixton?

MR. MOODIE: Between Brixton and the café.

CROSS-EXAMINATION BY MR. MOODIE: (Contd.) PROF. HURST:  
No, he could not be tried.

He could not be tried? --- No.

And he could not plead? --- No, he could not.

This, as far as you can judge, has never happened before, in his history? --- No, my Lord. /10

If he were tomorrow to start lapsing into that condition, could the trial go on? --- No, my Lord.

In other words, if he formed the intention to commit a crime now, and he was in that state, and he in fact did it, you couldn't try him? --- If he were in this state today?

Yes. --- No, you couldn't try him.

For example, if he were to walk up to this box, from there to here and, having planned it, throw a glass at someone as an assault, he wouldn't be responsible for his actions? --- Not if he had reverted to the state we are considering. /20

:- NO FURTHER QUESTIONS :-

BERT ALFRED HURST, s.u.o.

RE-EXAMINATION BY MR. PHILIPS: Professor, you told my learned friend that prior to some, at all events, of the consultations that you held with the accused, you had been given some outline of the evidence that had been given against the accused, up to that stage. --- Yes, my Lord, by Mr. Soggot. /30

And you mentioned my learned junior Mr. Soggot?

--- And Miss Hayman, yes.

Are you able to recall whether reference to the evidence already given was made to you by anybody else, besides my learned junior? --- Miss Hayman, who was present at the time. But I can't recollect any other references. I did make notes at the time, of Mr. Soggot's outlining to me the case, yes.

At all events, you were given an outline of the evidence that had been given? --- Yes, my Lord.

Now my learned friend put to you the two text-books, which I have not seen, and there were some percentages referred to there in regard to the inherited quality, apparently, of manic-depressive psychosis? --- Yes, my Lord. /10

Would you like to have those books now, so that you could just tell us precisely what they do say? --- Yes, to comment on those figures.

One of them was Meyer-Gross, "Clinical Psychiatry" and the other one was Samuel Cranes' "Mental Depression." The reference that my learned friend gave you in Cranes' book was page 59. --- The Meyer-Gross text-book is of more serious calibre in this regard, that one of the co-authors is Slater, who is a leading authority. I think the essential point here is, inasmuch as I have been associated on four occasions with this research work at the New York State Psychiatric Institute and for six months last year, that I know the special quality of the research work of Dr. Kallmann, which is much more extensive than the others, and it mentions that, in this text of Meyer-Gross, higher proportions are reached by different methods of computation. The /20 /30

point is that with Dr. Kallmann's work, a more adequate statistical technique was evolved, which dealt with expectancy figures that enabled comparable studies to be made of different populations, by studying the period of incidence of a particular disease, and allowing for people who had reached the period before, within or after this. And Kallmann/<sup>found</sup>that with one-egg twins there was a 96% concordance for this condition. I know from his latest work that the figure that I gave you of a 50% transmission of the gene and a 40% manifestation in expectancy is the latest figure with one parent involved. /10 Without breaking confidences to the nature of the other relative, I can't develop the full argument in the court, because it would automatically lead to the disclosure of this feature. But it is such as to increase the chance that in this particular case, there would be a 60% chance of developing the condition. And the discrepancies reported here are due to the fact that these earlier studies didn't have these expectancy figures. The techniques were inferior. The extent of the study was not/20 nearly as good as that of Kallmann, and we could take this latest and extensive study of Kallmann as being later and more reliable.

-: NO FURTHER QUESTIONS :-

ASSESSOR MR. HART TO THE WITNESS: Professor Hurst, you just told Mr. Moodie that if the accused had been arrested just prior to his arrival at the Brixton Tower, you would not have been able to give evidence that there was anything wrong with him. Mentally, from a legal point of view? --- Not to the extent of excluding responsi- /30 bility. I would have thought that his judgment would

have been severely impaired, but not...

Not to the extent of lessening his responsibility? --- Yes.

Your evidence, I think, before us, depends then on the acceptance of what the accused told you as to his experiences on the station? --- And my assessment of them as a psychiatrist, or from experience or from analysing them.

The acceptance of that, is it fundamental to your opinion? --- Fundamental to my opinion as to the complete lack of criminal responsibility. On the other issues of impaired judgment, this is not fundamental, because I feel that existed at other times, the impaired judgment and the paranoid trend. /10

Now you also gave certain illustrations of what you described as previous attacks, namely, when he was walking to the station, and this feeling of intense satisfaction or ecstasy in relation to his contact with his pupils, and the instances when he was driving in his motor-car. Now how many examples of that did he give you? /20 --- The actual examples with content were limited to going to the station...

When did that happen, do you know? --- This was during his time at his previous school, which I could perhaps check from my records of where he was previously employed.. To the best of my recollection from the notes, this must have been between April 1962 and September, 1963.

You don't know the precise date? --- No.

And then the example with the pupils? Do you know when that occurred? --- The pupils, he described /30

this as regards the Randfontein school in 1961.

No date was given? --- No, only in 1961.

Was he referring to just one instance on each occasion? --- One instance on each occasion. That's the other specific one, and the other one was in December 1963, when he had this thought of merging with the Volkswagon.

The motor-car. So then these three examples...  
--- These were the examples, but in addition to itemizing these, he intimated that these were examples of /10  
occurrences that had been occurring quite frequently. For instance, in jail he had experienced - if I may check my notes how often he had these surges in jail.. No, I can't find my reference now, but he said quite a few times, to the best of my recollection, in jail. And he gave the one instance there of while he was in the exercising yard.

Now Professor, apart from what the accused told you, did you have any other evidence of any abnormal conduct on his part? --- The evidence given by his wife. /20  
Her description of his over-activity during July. His period of intense activity, his recklessness with the car, his extravagance, would suggest abnormality of the milder type, which we would call hypo-manic.

The father? You said you also discussed it with his father. Did his father have any instances of abnormality? --- No, his father didn't. His father, however, admitted that the association was just intermittent, so that he might well not have observed him at such a time. The father struck me as a rather /30  
phlegmatic extrovert type of man, who was more interested

in things than in psychological reactions of people. I didn't think he would be a particularly good observer. I don't think he was a good observer of psychological things, and he didn't see him very often. But he did not notice anything particular.

Were you given any history of any abnormality, for example, during his adolescence or his school-days, or his University days? --- We've had the story of the poliomyelitis in 1956, followed by this emotional upset, but this was the only very marked abnormality. /10  
The other history would refer to temperamental factors that might fit in quite well with his sort of paranoid rigidity.

BY THE COURT TO THE WITNESS: I just want to ask you about three of these evidences that you say are the paranoid trend. The first is suspiciousness in his working situation. When he said that at Randfontein he was happy, and he left Randfontein to go to the Indian school because it was near the University, where he wanted to study. He left the Indian school because /20  
there was a retrenchment, and then he went to Hyde Park, and he left that because they went to England where he was to study further. And he didn't get on well with the principal of the one school, who was a disciplinarian. All right. Is that not what happens to all of us? ---  
In his history that he gave to myself and my colleagues at the interviews, he did mention unhappiness in this regard with fellow-workers at the Indian school. An Indian teacher, I think Mr. Ibrahim, and a White teacher, Mr. Prinsloo, with whom he... /30

Yes, but people on a staff don't always get on



well together. --- I agree, my Lord, that these things taken alone would not be significant, but taken in conjunction with the more marked things like the ideas of reference and the subsequent grandiose trend...

Yes. But take the ideas of reference. Haven't you had the feeling in church that the preacher is preaching about you alone? --- I think in not such a definite way as in this case. I think it was from written sermons of the Rev. Webb that the accused thought he was being "got at," so I think it was something more specific than that. /10

Yes. And in regard to the grandiose fantasies and delusions: there was a picture in "The Star" showing Mr. Wilson at the age of 10, standing in front of 10 Downing Street, saying, 'I'm coming here.' When do you know whether it's ambition or a delusion? --- I think the criteria there, my Lord, would be the extent to which one dwells on these types of thing. The evidence is that he spent quite a long time, not only in detention - before that, in reveries about being Minister of Education, Minister of External Affairs, Prime Minister, and when we subsequently find that at the time of the development of this plan, that he viewed himself as a protagonist of a "new era," thinking he could dictate to the Prime Minister; his judgment so impaired that he would think that the Prime Minister could possibly take notice of an ultimatum of this type. Even prescribing to the Prime Minister what type of action he should take - calling a national convention. The two figures on the stage, Dr. Verwoerd and himself. /30  
And that after the bomb episode, that this would bring

Belt 65

in a new era, I feel that this development is of the type that we find in genuine paranoid personalities. It is the development of these ideas, in connection with the more flagrant development later on that is significant.

-: oOo :-

MR. PHILIPS: My Lord, I had one other witness who was going to give purely formal evidence of the fact that in the Sunday newspapers, both English and Afrikaans, that were published on the 26th July, 1964, that is, two days after explosion of the bomb, photographs of the accused appeared. My learned friend informs me that he admits that that is the case, and with that admission, my Lord, I consequently close my case.

/10

MR. MOODIE: That is correct, my Lord, I admit that.

-: oOo :-

CONTINUED AT PAGE 630.

ADOLF JOHANNES VAN WYK, (b.v.)

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE: Is u 'n mediese superintendent te Weskoppies? --- Ja, Edelagbare.

Wat is daardie plek? --- Dit is 'n plek vir geestesversteurde mense.

En wat is u kwalifikasies? --- Ek is ook die Adjunk Kommissaris van Geestes-gesondheid vir die Republiek van Suid Afrika.

En mediese kwalifikasies? --- MB, C.Bh, T.B.M.

En is u ook geregistreerde psigiater? --- Ja, /10 Edelagbare.

Hoe lank ondervinding het u, dokter? --- Ek was tien jaar in algemene praktyk wat ek in the platteland gepraktiseer het, en ek het nou 15 jaar psigiatrisese ondervinding.

Vyftien jaar? --- Ja.

Nou u het die onderhoude bygewoon wat Dr. Hurst gevoer het met die beskuldigde? --- Ja, Edelagbare.

U was al die tyd teenwoordig gewees? --- Ja, Edelagbare. /20

Saam met u kollega, Dr. van Niekerk? --- Ja, Edelagbare.

U het nie deelgeneem in die ondersoek? --- Nee, Edelagbare.

U was bloot net teenwoordig. En u het ook sy getuienis gehoor in die hof? --- Ja, Edelagbare.

Ook Dr. Hurst se getuienis? --- Ja, Edelagbare.

Kan u die hof sê wat is u gevolgtrekkings? --- Dat hy nie sertifiseerbaar is onder die wet op geestesverbreking nie. /30.

En verder, dokter? --- Na ek na hom geluister

het, het ek tot die konklusie gekom dat hy emosioneel 'n onvolwasse persoonlikheid is in die opsig dat hy afhanklik is van sy moeder, altyd wag vir ondersteuning ter goed keuring en aanvaarding van sy moeder. Voor hy enige ding doen wil hy altyd sy moeder se goedkeuring hê. En as hy van sy moeder praat of enige ding waar sy moeder betrokke is het hy heeltemal emosioneel geraak en begin huil. Hy het in die opsig emosionele labieliteit getoon in die opsig dat hy maklik gerespondeer het op omgewings stimulasie. Waar dit 'n ding is wat hom geamuseer het /10 kon hy maklik daarvoor lag, hy het altyd op omgewings stimulasie gereageer. Sy emosionele labiliteit het nooit gekom uit die bloute nie, daar was altyd 'n omgewings stimulasie daarvoor, as hy gehuil het dan was dit omdat iets hom gepla het in sy omgewing en omdat hy daarvoor gevoel het, en dan as hy gepraat het oor iets wat amuserend was het hy gelag en was hy emosioneel heeltemal van pas vir daardie omgewings stimulasie wat daar gekom het.

Ek praat oor die tydperk wat ek 'n onderhoud /20 met hom gehad het en wat ek hom hier gesien het. Dit is nie soos die siklotemiese persoonlikheid wat die emosie wissel sonder 'n prikkeling van die omgewing, wat dit uit die bloute uit van die persoon self kom nie.

In die onderhoude wat ek na geluister het, het ek gevoel dat hy die hele tyd 'n sekere doel gehad het. Hy het aan 'n sekere organisasie behoort, en die organisasie het 'n besliste doel in die Republiek van Suid Afrika gehad, en dit was om 'n verandering in die regering van die land te bring, en dit was om dit te /30 doen deur sabotasie. Omdat hulle gevoel het dat hulle

dit nie op 'n ander manier kan doen nie. En hy was heeltemal bewus van die doelstellinge van die organisasie wat hy aan behoort het, en toe die twee persone by hom gekom het en vir hom gesê het dat die organisasie nou in die stormwaters beland het en dat daar groot moeilikheid is, dat hulle moet nou iets desperaat doen, en dit word aan hom oorgelaat om dit te doen, en hy het daardeur baie gevlei gevoel. Hy het gevoel dat hy nou in 'n posisie gestel is waar hy iets groots kan doen, iets wat vir homself baie kan beteken, en hy het daarvoor opgewonde gevoel, en was geneig gewees om gespanne te wees daarvoor en opgewonde te voel, wat vir my tot 'n groot mate verklaar sy toestand in daardie maand, tot 'n mate rusteloosheid, 'n mate van opgewondenheid omdat hy besig was met iets belangrik in sy oog, iets wat vir hom persoonlik en vir die organisasie wat hy aan behoort van uiterste belang sal wees. /10

Hy het met verskeie mense wat hy kon vertrou daarvoor gepraat, hy het goeie oordeel bewys daarin dat hy dit nie bespreek het met iemand wat hy nie ten volle kon vertrou nie. Die mense wat hy dit mee gaan bespreek het was mense wat hy kon op staat maak en wat hy kon geweet het wat hom nie sou in die steek laat nie. Sy oordeel was in daardie opsig vir my baie goed. Hy was gevlei gewees deur die attensie wat hy gekry het van Mevr. Swersky, wat hy beskou het as iemand van hoog intelligente geaardheid, iemand wat hy geadmireer het, en ek dink hy het gevlei gevoel dat die persoon dink dat Harris - waar hy voorheen deur die organisasie tot 'n mate geïgnoreer was en uitgelaat is, nou in so 'n belangrike posisie gestel is. /30

Hy het met Lloyd verskeie onderhoude gehad en is nie soos die maniese geval of die hipomaniese geval waar nie maklik van opinie verander word nie. As jy hom tee gaan, 'n hipomaniese geval raak hy irriteerend en kwaad daaroor, want hy dink hy is reg. Hy was vatbaar vir die oortuiging van Lloyd. Hy het 'n sekere plan gehad, hy het 'n sekere plan uitgewerk gehad en nadat hy dit met Lloyd bespreek het was hy bereid om sy plan te verander, en was hy heeltemal bewus daarvan dat hy hierdie plan nie sou werk nie en nie sou reg wees nie. /10

DEUR DIE HOF: Jy sê hy het 'n redelike argument met Lloyd gevoer en was vatbaar vir oortuiging? --- Was vatbaar vir oortuiging, toe the nutteloosheid van sy optrede aan hom uitgewys het, kon hy sy opinie verander. Dit is nie psigoties nie, hy kon sy opinie daar verander, hy het besef dat dit nie sal werk nie. Hulle het hulle gevegsgrond daar uitgewerk en besluit op 'n aksie, om tot aksie oor te gaan, en hulle het op sekere dinge besluit, en die beplanning was nie sommer oppervlakkig, sommer impulsief of so nie. Die plekke is baie deeglik voor die tyd gaan /20 inspekteer en baie deeglik op ingegaan wat om te doen.

DR. VAN WYK Toe hy by Anne Swersky kom en aan hom 'n meer dramatiese en 'n meer effektiewe metode om die regering te skok - hulle wou die regering skok, hulle wou hom skok, hulle wou die regering en die publiek skok, hulle wou hulle skok. Hulle wou hulle baie beslis wakker skud. En toe dit gestel word dat dit in Israel baie effektief was, hierdie metode om 'n bom iewers neer te sit en dan die polisie te lui, het hy besef dat dit 'n baie effektiewe plan was. En hy het op daardie plan besluit. Om dit /30. te plant waar die publiek dit sou sien.

Soos hy gesê het: "He wanted a bang and he wanted a flash." En hy het dae geneem aan die beplanning van die uitvoer, hy het dae geneem, hy het dit beplan vir dae. Hy het gesorg dat hy sy spore toemaak na die tyd. Hy het baie seker gemaak in sy vermoë of hy nie moontlik sou uitgevind word nie.

Hy het op 'n plan van aksie besluit, en die plan van aksie het hy doelbewus uitgevoer. Hy het van die plan van aksie wat hy op besluit het, het hy nie afgedwaal nie, hy het weggegaan en hy het gesê sy destinasie was /10 die stasie. Hy het nie na 'n ander plek toe gegaan nie, sy plan was gewees om die bom in die stasie gebou te sit. Hy het nie afgegaan daarvan nie, hy het nie eers voorheen besluit gehad, 'ek gaan dit in die baggasie afdeling plant nie', en toe het hy nou besluit 'ek gaan dit in die stasie plant nie. Hy het dit al 'n paar dae voorheen besluit gehad, en hy het daarop gegaan en presies gehou.

Toe hy daar gesit het, het hy na die tyd gegaan en ook nie afgegaan van die vooropgestelde plan nie, hy het die nommers neergeskryf, hy het besluit gehad om die /20 polisie te bel, hy het besluit gehad om die Rand Daily Mail te lui, hy het besluit gehad om die Transvaler te lui. Hy het nie daarvan afgewyk nie, hy het presies gedoen wat hy 'n paar dae voor die tyd besluit gehad het om te doen het hy hierdie tydperk presies uitgevoer soos hy dit wou uitvoer. En hy het dit alles so uitgevoer dat niemandvan die omstanders wat hom gesien het enige suspisie gehad het.

Hy het daarvandaan gegaan en presies gaan doen wat hy wou gaan doen het om die eksamen vraestelle by /30 Damelin College te kry, hy het presies gedoen daar wat hy

wou doen. Toe die hysbak nie daar was toe hy instap nie, was hy angstig gewees, ek neemaan om by sy kantoor bo te kom, om die verdere plan uit te voer, en daarom het hy van plan daar verander en die trappe opgegaan omdat hy haastig was om bo te kom - my kontensie hier - om sy klere te verander omdat hy bang was daardie klere sal herken word. Toe die hyser daar kom op die tweede vloer het hy nie aangehou met die trappe gaan nie, hy het die ding gedoen wat enige normale mens sou doen, om dan die hyser te vat, het hy daarmee aangegaan. Hy het alles /10 gedoen wat jy verwag van enige redelike mens wat hy sou doen.

Hy het daar gekom, hy het sy klere verander, hy het gegaan hy het gaan praat met die verskillende mense, hy het met hulle almal redelike normale gesprekke uitgevoer. Ek het dit nie gehoor nie, maar ek dink Mnr. Moodie het dit hier as getuienis genoem, dat die dame wat hom daar gesien het, het gesê hy het bleek en bekommerd gelyk. 'n Mens sou verwag dat hy sou wees nadat hy daardie daad gepleeg het. /20.

Hy het gewag totdat die bom afgegaan het op die stasie, hy het gewag tot na die tyd voordat hy teruggegaan het huis-toe, en hy het presies gegaan na sy huis toe, en hy het die aand lekker aan die slaap geraak.

Hy het die toestand beskrywe vir ons van die toestand van ekstase. Hy het gesê toe hy by die stasie afgeklim het, het ek gekyk en dit was vir my 'n mooi stasie.

Edelagbare, as ek afklim by die stasie is dit vir my ook 'n mooi stasie gewoonlik, dit was nie vir my /30 ekstase nie. Hy het daardie gevoel van ekstase - hy het



gesê dit was vir twee minute - vir twee minute, en dis vir my die gevoel wat kan opkom by iemand wat iets groots gedoen het. Soos mens baie maal kry dat persone wat in godsdiens en die mistieke dinge beleef kry ook sulke kort periodes - ons moet hierdie ding verstaan, dit is nie 'n ekstasiese episode wat vir 'n uur of vir twee uur of vir dae wat die gewoonlik - in die maniese episode is hierdie 'n erger graad van elisie, dit is die erger graad van opgeruimd voel, en dit het 'n impak op daardie man, en na die tyd voel hy gewoonlik uitgeput en hy raak aan /10 die slaap, en hy het na die tyd gaan pragtig sy handeling uitvoer.

Dit was 'n baie kort periode van daardie opwindende gevoel wat hy gevoel het en wat hy kan voel dat hy in so 'n toestand was.

Wat sy amnesie betref, sy gedeeltes wat hy nie kan onthou nie, is vir my meer verklaarbaar. 'n Man wat iets te doene het wat hy oor angstig is - en jy gaan nie oplet - as hulle vir my moet vra 'n week na die tyd hoe ek Johannesburg toe gery het en wat ek presies gedoen het, /20 Edelagbare, kan ek dit nie doen nie, kan ek dit nie doen nie. En dit is vir my dat hy die belangrike episodes in daardie dinge - en dit is lank na die tyd wat hy gevra is daarvoor, dit is nie dieselfde dag nie, dit is lank na die tyd, met die gevolg die dinge het uitgestaan, wat belangrik was vir hom, wat daar was, en die ander, dit is wat ek normaal weg sal verwag wat enige normale persoon sal vergeet om nie presies te kan onthou wat alles gebeur het nie. Dit pas vir my meer daarin.

DEUR DIE HOF: U meen omdat hy in 'n spanning verkeer het /30 en dan onthou hy net die belangrikste goed? --- Net die

belangrike goed waarop hy - hy is so ingestel sy hele gedagte op hierdie daad wat hy gaan pleeg, Edelagbare, met die gevolg dat hy nie sal baie maklik die fyn besonderhede sal onthou van hoe ek die pad gery het en al daardie dinge nie.

Belt 66.

DR. VAN WYK: Ons weet dat dit gebeur baie maal.

ASSESSOR MNR. HART: Geld dit ook vir die rit van die stasie tot by die poskantoor? --- Dit geld vir daardie rit ook.

DR. VAN WYK: Wat die paranoïede ideës betref, wil ek dit /10 as baie normaal uitspreek. Vir my is 'n gedagte paranoïed wanneer die man oortuig is daartoe en tot handeling oorgaan, en waar dit later sy hele lewe beïnvloed en sy handeling beïnvloed.

Hy was 'n vet seuntjie op skool, hy was deur almal gespot, hy was gespot oor sy vetheid, kinders fantaseer baie, ek kan nou aan 'n hele paar kindertjies dink wat vir jou roep en sê "oom kom help my, ek moet nou die skape hier gaan uitkeer, keer oom hier, hier deur hierdie hek" en hy fantaseer. Baie van die kinders /20 praat van 'n maatjie wat hulle in die tuin het, dan kom hulle in die huis in en hulle noem kos uit, en hulle vat daardie kos vir die ou maatjie wat hulle het. Dit is 'n algemene ding van 'n kind om te fantaseer en te identifiseer, en dit is vir my gladnie snaaks dat die persoon wat self 'n vet persoontjie was op skool en deur almal gespot is daarvoor hom sou identifiseer met iemand in 'n boek wat ook as 'n vettie beskryf is.

En wat sy paranoïede idees betref op die skole is dit heeltemal normaal dat hy gevoel het dat die /30 prinsipaal wat op Hyde Park was, wat 'n militaris was,

wat gestaan het op dissipline en wat dit gevoel het, en hy het gevoel dat die prinsipaal - hy het net nie van die reguit persoonlikheid van die man gehou nie, en hy was daar ongelukkig en hy het toe gevoel die man gee vir hom die swaar klasse, maar hy het nooit tot aksie oorgegaan nie, dit het nooit sy lewe beïnvloed nie, hy het nie die man gaan aanval nie, hy het nie met die man gaan praat nie, hy het nie daarvoor die skool verlaat nie. Dit het nooit gelei tot aksie, dit het nooit 'n invloed op sy lewe gehad nie, en dit is nie vir my 'n baie belangrike /10 ding nie, en ek dink dit is 'n ding wat redelik algemeen voorkom hierdie paranofiede idees onder mense, dat hulle partykeer voel iemand hou nie van jou nie, iemand diskrimineer van jou, maar wanneer dit abnormaal kom is wanneer daar in werklikheid geen rede daarvoor is nie. Kyk, hierdie man het hom die swak klasse gegee, die moeilike klasse gegee, hy het tot 'n rede gevoel dat die man haal miskien op my uit, maar hy het nooit sy lewe beïnvloed dat hy na die prinsipaal gegaan het en gesê het 'jy is teen my, ek gaan weg van die skool af', en /20 gaan daarby weg nie.

Die gevoel met sekere mense - hy was 'n baie aktiewe politikus, wat baie aktief in die politiek gestaan het, en dit sal ter verstane wees dat hy sal verskil van party mense en sal voel dat om daardie rede party mense teen hom voel.

En ongelukkig moet ek dit hier noem. Wat die ding betref wat daardie artikel van Eerwd. Webb - hy was daardie tyd besig met dinge wat moeilikheid omgekrap het, hy het besig gewees en die land baie moeilikheid veroor- /30 saak met S.A.N.R.O.C. en as jy iets lees wat hulle daar het

sal jy daar voel, 'maar die man praat net van my.' Soos Edelagbare gesê het, mens het al baie maal gevoel, 'maar hierdie ding het betrekking op my', omdat daar tot 'n mate - 'n ding wat min of meer daarmee besig was, maar altyd tot 'n mate weet hy dat dit maar net is wat hy daar dink.

Wat daardie artikel betref waar hy gedink het hy is nie so 'n goeie man nie was daar ook tot 'n mate rede daarvoor, en ek wil daar sê, as Professor Hurst nie dit gesê het, sy huwelikslewe was die laaste ruk nie /10 gelukkig nie, en ek dink dit is reg vir ons om dit aan die hof te sê. Sy huwelikslewe was nie gelukkig nie, daar was probleme en daar was moeilikhede in sy huwelikslewe. Daarom het hy gevoel - en sy vrou het met hom oor daardie probleme gepraat, en daarom het hy gevoel dat hy nie 100% sukses as 'n man was nie.

Wat sy selfmoord neigings betref as kind wil ek net vir u lees wat Kanner Child Psychiatry sê. Professor Hurst het gesê dat sy selfmoord gedagtes meer intensief was as in die boek. Hierdie boek se selfmoord gedagtes /20 was so intensief dat hulle oorgegaan het tot selfmoord pogings en selfs sukses gehad het van selfmoordpogings. Ek dink dit is baie meer intensief as wat sy selfmoord gedagtes was.

DEUR DIE HOF: Is hy 'n psigiater? --- Hy is 'n psigiater. Canner Child Psychiatrist.

DR. VAN WYK: En dat die ideologie van hierdie - dit is nie net selfmoord gedagtes nie, dit is selfmoord pogings, is hierdie ding: "Children wish to escape a situation which seems unbearable to them." En hy het in die situasie/30 in die skole gekom waar hy gespot was, hy het nie aan sport

deelgeneem nie, hy was uitgestoot. Hy het verander van die een skool na die ander skool toe waar hulle al klaarbendes gevorm gehad het. Hy het nie aan enige van daardie bendes behoort nie, hy het heeltemal uitgestote gevoel.

Toe hy in die hoër skool kom het hy baie gevoel die prefekts en die mense is teen hom. Hy het baie ongelukkig daar in die skool gevoel en dis hoekom hy die selfmoord gedagtes gehad het, en al manier waar hy kon presteer het was om goed akademies te presteer. Hy kon nie op sport en daardie dinge presteer nie, maar akademies kon hy goed presteer, en daarom was hy so bang vir 'n mislukking op akademiese gebied, dat hy nie eerste in die klas sou wees nie, u het gehoor hy het dit hier in sy getuienis gesê. Dit het hom baie gehinder, en dit het hom daardie ongelukkige gedagtes gegee, en dit het by hom hierdie selfmoord gedagtes gebring. In hierdie boek dat hulle selfs nie net oorgaan tot gedagtes nie, maar dat hulle oorgaan tot selfmoord pogings.

Ek het al in my praktyk 'n hele paar kinders behandel wat selfmoord pogings gepleeg het net omdat daar probleme op skool was en moeilikheid op skool was. Mens moet psigose in daardie tydperk ook konsidereer, dit kan ook 'n rede wees vir daardie gedagtes, maar vir my is dit meer moontlik dat dit die ander kan wees.

MNR. MOODIE: Dokter, die volgende was 'telepathy', kan jy daar ons inlig?

DR. VAN WYK: Ja, ek dink Professor Hurst het daar gesê doe 'telepathy' kan aanvaar word dat baie mense daaraan glo, en hy het beslis geweet dit is net 'telepathy', hy het geweet sy ma is nie werklik daar

nie, sy ma praat nie werklik met hom nie, dit is maar net in sy gedagtes.

DEUR DIE HOF: Nou, maar wat van die beeld?

DR. VAN WYK: Ja, hy het gesê sy ma is nie werklik daar nie, dit is maar net in sy gedagtes wat hy haar daar sien.

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE (VERVOLG) Gebeur dit in 'n normale mens? --- Ja. Die groot ding is dat hy het heeltemal insig gehad dat dit nie werklik was nie. Hy het heeltemal insig.

Dan het die beskuldigde ook gepraat van wat hy /10 genoem het 'day-dreams.' --- Ja, die waan denkbeelde. Edelagbare, enige man wat op 'n politieke loopbaan ingaan het hoë ideale. Enige beroep wat jy ingaan het jy ideale om die hoogste sport van daardie beroep te bereik. As Jy dit nie het nie, dan dink ek het jy gebrek aan dryfkrag in jou.

DR. VAN WYK (VERVOLG) U het nou Mnr. Wilson genoem, ek wil, u Edele, die President van Suid Afrika en die Republiek noem. Hy het eendag in 'n toespraak gesê dat hy opskool al die ideaal gestel gehad het om Minister van /20 Justisie van die Unie van Suid Afrika te word. En hy het dit baie gestel, en vir die kinders op skool daardie dag aangemoedig en gesê, 'mense, julle moet julle ideale hoog stel', en hy het dit altyd besef en hy het dit baie pertinent gesê. Dit is dagdrome. Hy het die dag-dromerye daarvan besef, hy het besef 'ek dagdroom.' Hy het gesê hy het dit grootliks in die tronk gedoen om die tyd om te kry.

Nou, enige mens wat verveeld is dag-droom. Hoe meer verveeld jy is, hoe meer dag-droom jy. En hy het op- /30 gesluit gesit in die tronk en dit was 'n manier van hom.

Hy het byvoorbeeld gesê een van sy dag-drome was om te dink hy is in bevel van die fabriek van Volkswagen. Dis vir my 'n baie normale reaksie van 'n man wat sy geestes-toestand wil reghou wanneer jy in opsluiting is. Is dit baie goed daardie ding om jou gedagtes besig te hou om nie verveeld te raak nie. Dit het vir my 'n baie normale reaksie in hom gewys om vir homself aan die gang te hou. Dit was 'n baie normale aanpassings tegniek. Baie normale aanpassings tegniek om die tyd om te kry.

En dan wat hulle genoem het van Dr. Verwoerd. /10  
 Hy het dit baie, baie duidelik gestel, dat hy besef dat hy nie die gelyke is van Dr. Verwoerd nie. Hy het gesê: "We stand on two sides of the fence, and Dr. Verwoerd is in the position to change things, I'm not in the position to change things." Hy sê: "That's why I'm writing to him, he is an intelligent man, and I may change his opinion." Hy het gesê: "We stand on two sides of the fence. He is apartheid, I'm anti apartheid. I can't change the position, Dr. Verwoerd can change the position." En hy het gesê hy is nie gelykstaande aan Dr. Verwoerd /20 nie. Hy het dit baie pertinent daar uitgedruk en besef dat hy nie op die gelyke vlak is nie. En op daardie oomblik was hy gestel as 'n leier van die organisasie wat aan hy behoort, hy was 'n leier in die organisasie en Dr. Verwoerd was 'n leier van die ander organisasie. En hy het hom gesien in daardie lig dat hulle teenoor mekaar gestaan het, maar hy het besef hy het nie die mag wat Dr. Verwoerd het nie.

\* HOF VERDAAG \*

-----

BY HERVATting VAN HOF:

ADOLF JOHANNES VAN WYK, (n.o.e.) U Edele, kan ek net kwoteer in verband met wat ek gesê het van sy oor aktiwiteit in die tydperk wat hy in daardie maand was. Net kwoteer uit Dr. H.C. Rümke, Psigiatrie Deel II De Psychosen. Op bladsy 282. 'MANISCHE TOESTANDEN BINNEN DE NORMALITEIT.'

"Niet zelden vind men by 'normalen', de erfelak niet met manische-depressieve psychose in verbinding staan, toestanden de door de omstanders 'manische' worden genoem 'wat is hy of sy weer manische', word dan gezegd. Over deze toestanden is weinig bekend. Naar myn ervaring kan het gaan om gegrepenheid door een doel, om een creatieve door voeldheid." /10

Wanneer jy toegespits is om iets belangriks te doen of iets te doene, kan jy in daardie toestand raak dat jy oor aktief en tot 'n mate so is.

DEUR DIE HOF: Dat jy toegespits is? --- Ja, toegespits om iets groots te doen.

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE (VERVOLG) Nou, dokter, ons het getuienis gehoor oor sy hoofpyne. Kan u iets daaromtrent sê? --- U Edele, die hoofpyne kan natuurlik 'n simptoom wees dat die man lig depressief is, en eintlik dan net kla oor hoofpyne, maar nie oor sy depressiewe toestand kla nie, en wat ons baie kan noem eintlik spanning hoofpyne, dat hy werklik in spanning was. /20

En dan is daar getuienis, dokter, dat op die 24ste in die voormiddag of een of twee uur in die namiddag hy gaan slaap het, en daarna toe hy teruggekeer het die aand het hy gaan slaap. Nou, kan u iets daaromtrent sê? --- Mens sal verwag dat as iemand in 'n maniese fase is dat sy slaap sal versteurd wees. Alhoewel hulle kan slaap, maar mens verwag eintlik dat hulle slaap sal /30



versteurd wees, en vernaamlik as die maniese persoon nog toegespits is, sal jy verwag dat hy versteurd en rusteloos sal wees.

Nou u het gehoor van die getuienis wat Professor Hurst gegee het oor daardie tydperk - die tyd wat hy Brixton Toring tot hy weer by 'n kafee gekom het. Wat is u opinie oor daardie getuienis? --- U Edele, 'n maniese ekstatiëse toestand kan ek net vind - dan moet ek gaan op wat Mnr. Harris vir ons beskryf het, soos hy gesê het 'n paar minute "a few minutes only when I sat on the bench" /10  
By Brixton het hy nie baie gelukkig of verskriklik in ekstase gevoel nie. Toe hy die mense opgelui het was hy nie in ekstase nie. Dis al wat hy in werklikheid as ekstase beskryf het. En hy het net gesê hy voel gelukkig, hy voel tevrede, maar nie ekstase nie.

Nou, wat is u mening omtrent sy geestestoestand gedurende daardie tydperk? --- Dat hy besef het wat hy doen, omdat hy na die tyd sekere instansies opgelui het om hulle te waarsku, toe het hy geweet toe hy daar by die poskantoor was, het hy geweet van die daad wat hy gepleeg /20  
het, want hy het die mense opgelui en gesê van die daad. En hy het gegaan na Damelin toe en sy klere verander, hy het sy spore probeer toemaak

Nou, Professor Hurst sê dat gedurende Julie maand, vroeg blykbaar in Julie het hy in 'n sekere toestand verkeer totdat hy by die toring van Brixton gekom het, die daad dan gepleeg het en weer huis-toe gekom het. Wat is u mening oor daardie...--- Dat hy heeltemal kon onderskei het tussen reg en verkeerd en dat hy tot besluite kon oorgaan. /30

Is u definitief van mening dat hy toe daardie

daad gepleeg is hy nie geestelik gekrenk was nie? --- Ek kan hom nie as geestes gebrek of geestes versteur verklaar op daardie oomblik volgens sy handelswyse en daad. As ek die hele trend in aanmerking neem, hoedat hy doelbewus op 'n doel afgegaan het, die doel gepleeg het wat hy lank voor die tyd al op besluit het. Daardie rukkie wat hy daardie twee minute in daardie ekstase was het nie 'n verandering, in my opinie - sover ek kan sien, in sy hele plan teweeggebring wat hy al 'n paar dae gelede met Mevr. Swersky besluit het en verander het. Dit het geen /10 invloed gehad op sy planne nie, dit het dit nie so gemaak dat hy makliker kon ontdek word of so iets nie, hy het presies nog gegaan soos hy besluit het om te doen voor die tyd.

Dan is daar getuienis van 'n onweerstaanbare impuls? --- Ja, vir my is 'n onweerstaanbare impuls 'n psigotiese toestand, die een wat deur Davidson gebruik word "Forensic Psychiatry" deur Davidson op bladsy 12, waar hy sê: "There are three kinds irresistible impulse pleas, corresponding to three sets of psychiatric /20 syndromes, and representing three degrees of uridicle (?) generosity. The narrowest concept is the irresistible impulse sometimes generated within insane persons, and that is sudden, explosive reaction powdered by some urge within the person." Dit moet 'n skielike plotselinge impuls wat opkom, wat hier dadelik by die persoon opkom, wat hy nie kan weerstaan nie. Maar as hy vir hom oor dae beplan dan is dit vir my nie soos wat ons in psigotiese toestand 'the irresistible impulse' gaan hê nie, as hy 'n daad pleeg onder 'n paranoïede waandenking dan is /30 dit heeltemal iets anders. Wat 'n mens eintlik by 'n

'irresistible impulse' bedoel, is hierdie impuls wat opkom en wat hy nie kan weerstaan nie.

Stem u dan nie saam nie, dat hy, volgens professor Hurst onder daardie onweerstaanbare impuls was nie? Al daardie tyd, vanaf die Brixton toring tot by die kafee? --- Vir my het hy daardie ding al lank voor die tyd besluit gehad. Hy het al lank voor hy by die Brixton toring was het hy al besluit om die ding te doen. Hy het dan by sy huis weggegaan met die doel om daardie daad te pleeg. Dan moes dit al 'irresistible' gewees het by sy huis. /10

DEUR DIE HOF: Met ander woorde us stem nie saam nie? --- Ek stem nie saam nie, u Edele.

MNR. MOODIE: GEEN VERDERE VRAE.

\*\*\*\*\*

MR. PHILIPS: Requests that cross-examination should stand over until the next morning, which request is granted by the Court.

\*\*\*\*\*

GERT VAN NIEKERK, (b.v.) /20

VERHOOR DEUR MNR. MOODIE: U is 'n mediese dokter. Waar dokter? --- Ek is die Assistent Mediese Superintendent van Weskoppies Hospitaal, Edelagbare.

Watter grade het u, dokter? --- My akademiese kwalifikasies, Edelagbare, is MB, C.Hb. F.F. in Psigatrie. Hierdie is 'n hoër kwalifikasie van die Suid Afrikaanse Kollege van Interniste Chirurge en Psigoloë. Ek is nie 'n geregistreerde spesialis en psigiater nie.

U het die onderhoud bygewoon saam met Dr. van Wyk en Professor Hurst op vier dae soos genoem deur die laaste getuie? --- Dit is korrek, Edelagbare. /30

(NB. WITNESS HAS SPEECH IMPEDIMENT AND I CANNOT VOUCH FOR THE ACCURACY OF HIS DEGREES OR THE COLLEGE NAMED IN HIS EVIDENCE)

U het nie eintlik deelgeneem aan die ondersoek nie. Dr. Hurst het dit gedoen? --- Ek het nie daaraan aktief deelgeneem nie, net aanwesig gewees.

Ook geluister na die getuienis wat gegee is deur die beskuldigde in hierdie saak? --- Ja, Edelagbare.

En die ander mediese getuienis? --- Ja, Edelagbare.

Nou wat is u mening, dokter? --- Edelagbare, my opinie is dat hy was nie geestelik versteurd nie. Hy was nie geestelik versteurd in gevolge die bepalinge van die wet op Geestesgebreke. Gedurende die onderhoude wat Professor Hurst met hom in die gevangenis gehad het nie, en ook nie gedurende die verhoor in die hof wat ek bygewoon het nie. Ek is ook nie van opinie dat hy geestelikversteurd was in die periode voor en gedurende en direk na 24 Julie 1964 nie. Ek wil net kwalifiseer, Edelagbare, hierdie opinie, laasgenoemde opinie oor sy geestestoestand voor ook na 24 Julie, die grond ek natuurlik alleen op die informasie wat ons gekry het gedurende die onderhoude en wat ek hier in die hof aan- gehoor het in Harris se getuienis en ander getuies.

